

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

06 – 3 - 2010

Ek sê altyd almal moet uitkyk vir die bolle en dit kry sodra dit op die rakke is maar die eerste bolle is nou beskikbaar. Onder die eerste klompie is die ranonkels en ek wil grag aan almal verduidelik hoe om sukses met jou ranonkel bolle te hê. Ranonkels hou van 'n volson posisie en los grond wat goeie dreinering het. Kompos kan ingewerk word teen ongeveer een sak elke vierkante meter of een kruiwa elke twee vierkante meter. Ongeveer 'n halwe koppie beenmeel of Superfosfaat kan per viekant meter liggies ingewerk word. Dan kom ons by die plant daarvan. Ek het laas week gepraat van die week van jou pronkertjie sade in water, en nou moet jy dieselfde met jou Ranonkels doen. Week dit vir ongeveer 3 ure in koue kraan water voor jy dit plant. Die bolletjies lyk mos soos klein spinnekoppies en moet met die bene afwarts in die grond geplant word. Ranonkels moet ongeveer 5cm grond bo-oor die bolle hê nadat dit geplant is dan weet jy dit was nie te diep nie. Die bolle kan ongever 15 – 20cm uitmekaar geplant word. As jy groot sukses met jou ranonkels wil hê moet jy dit met vloeibare kunsmis twee keer per week voer sodra die plante lekker sterk groei en sny die blomme vir die vaas in die huis om nog ekstra blomme te forseer. As jy jou Ranonkels vroeg in die grond kry en mooi na hulle kyk gaan jy blomme hê reg deur tot in die lente.
So geprat van bolle. Baie mense vra my nou wat moet hulle met hulle varkore doen wat klaar geblom het, wanneer moet die blare afgesny word. Wag eers totdat die blare so ongeveer driekwart teruggevrek het dan weet jy die energie is terug in die bol van die plant en dit is nie meer in die blare nie. As jou blare ook nog nie begin terugvrek het nie moet jy die plante aanhou voer totdat dit begin terugvrek om soveel kos moontlik in die bolle te stoor. As jy jou plante te vroeg terugsny gaan hulle nie vrek nie, hulle sal net nie so mooi blom of vermeerder gedurende die volgende seisoen nie. Nou word daar gevra moet ek hulle uithaal of nie. Die antwoord is as die grond se kwaliteit ba ie goed is kan jy hulle net daar in die grond los. Hulle hoef nie uitgehaal te word nie maar as jy meer kompos wil inwerk kan hulle uitgehaal word, opgebreek word en weer in geplant word.
Een van die indringer plante wat nou vol in blom orals staan is die Lantana's. Dis daai plante wat ongeveer 2m hoog groei met die oranje koraal kleur blomme en natuurlik is die takke vol dorings. Vir 'n persoon wat nie eintlik weet dat hierdie plant 'n probleem is nie, kan dit as 'n baie mooi plant vertoon wat nou pragtig blom maar soos ons almal weet na die blomme kom die sade. Voels vreet die sade en versprei dit dan orals rond en die sade het ook nie baie nodig om te ontkiem nie. Nou is jou kans om dit te identifiseer en die plante uit te roei wortel en al.

13 -3 - 2010

Nou ja, nes ons gedog het die aande word koeler, kom die hitte weer verby! Dit maak alles 'n bietjie moeiliker om te bepaal wanneer om die winterbolle in die grond te kry. As jy inheemse bolle wil plant kan jy dit maar doen, maar as jy nou jou Narsings en Affodille wil insit sale k aanraai om net eers nog 'n week of twee te wag voor dit geplant moet word.

Onthou dat die gesegde is dat jy jou winterbolle kan plant sodra die aand temperature koud genoeg is dat jy 'n baadjie of trui in die aand sou aantrek as jy buite kuier. Dan is die aand en grond temperature koud genoeg dat die bolle nie te warm sal kry nie en dat die blomme mooi sal ontwikkel en die blomme ook lank sal vars bly. As jy die bolle wil koop en dit nog nie wil plant nie, kan jy dit êrens in 'n koel area hou en hulle droog hou. Die motorhuis of spens is gewoonlik 'n goeie plek. Moenie die bolle in die yskas sit nie omdat hulle al klaar met koue behandel was en dat hulle nou gereed is om te groei en hulle groei selle het al klaar begin ontwiklkel. Baie keer sit 'n mens met die problem oor hoe jy te werk kan gaan as jy graag bolle wil plant maar jy wel 'n mol probleem het maar die antwoord is heel eenvoudig. Daar is plastiese plantbake beskikbaar wat soos 'n plastiese plat skottel lyk en wat ook redelike groot gate het. Die bolle word dan binne in hierdie houer geplant en in die grond versink. Soos die plante dan ontwikkel groei die wortels deur die gate onder in die bak, maar die bolle self bly veilig. Dis ook 'n lekker manier om jou bolle uit te haal en te stoor na die groei seisoen. 'n Ander idée is om die bolle in mooi potte effens in die beddings te lig. Niks stop jou om potte in die beddings te gebruik nie en ek hou nogal daarvan om drie verskillende groottes potte te gebruik met drie verskillende tipes bolle as 'n focus punt. Dit lyk ongelooflik mooi as jy elke pot vol van een tipe bol plant. Dan kan jy ook saailinge in die potte plant wat vir jou konstante kleur gee en die bolle deur die saailinge druk vir 'n tweede vlak blomme. Dink net hoe mooi sal blou gesiggies lyk met wit of geel narsings lyk wat tussen die saailinge geplant is of selfs Poppies in die middel van 'n pot met met Muscari, Lachenalias of selfs Freesias om die rant van die pot.
Dis altyd lekker om oor saailinge te praat maar baie keer soek 'n mens net 'n riglyn oor wat om te plant. Een van die interessantste onderwerpe is oor die speel met kleure. As jy van 'n Engelse tuin hou of meeste van jou saailinge in die skaduwee is moet jy konsentreer op die koeler kleure en ook die sleutelblomme en Cinerarias wat kleur in die skaduwee in die winter gee is gewoonlik ook net in die koeler kleure beskikbaar. Met koeler kleure praat ek natuurlik van jou wit, blou, pink, pers en laventel kleure. Dit gee ook vir jou 'n koeler gevoel in die tuin. As jou tuin lekker sonnig is en jy wil 'n warmer gevoel skep kan jy focus op die warmer kleure en dit is natuurlik kleure soos rooi, geel en oranje. As jy nog nooit saailinge geplant het nie en jy wil iets prober, kry vir jou 'n verskeidenheid saailinge, plant dit in verskillende pleke in jou tuin en kyk wat aard waar. Onthou net om jou grond leker om te spit met kompos en beenmeel, en sit jou sailing voedsel op nadat jy dit geplant het.

26 -3 - 2010

Die aand temperature het nou al lekker geval oor die hele land en dit raak net meer gunstig om bolle te plant. Selfs baie van die bome en veral die witstinkhout bome het al klaar begin om blare te verloor.

Soos laas week gesê die bolle hou van lekker los grond om te verseker dat die wortels maklik kan ontwikkel. Die ander rede ook hoekom los grond baie belangrik is is sodat die wortels van die bolle kan asemhaal. Dit klink vreemd dat die bolle deur hulle wortels asemhaal, maar dis een van die hoof funksies, die ander funksies is om die plante te stut en vog en voedingstowe te absorber. So gepraat van vog. Een van die grootste foute wat 'n mens kan maak is om die bolle te nat te hou en sodoende die bolle weg te laat vrot. So meng genoeg kompos in die grond in en indien nodig kan jy ook 'n bietjie riviersand of selfs fyn boombas bygooi om die struktuur te verbeter.

Elke maand is daar 'n saailing van die maand en hiedie maand is die saailing waarop ons klem lê die Gazania. Gazanias is inheems in Suid Afrika baie kleurvol en baie maklik om na om te sien. Gazanias kan as bedding rant plante geplant word, in potte geplant word of selfs in rotstuine. Dis ook een van die tipes saailinge wat jy in die volson kan groei en nie goeie grond nodig het nie. Selfs al woon jy in 'n koue area en is daar nie te erge ryp nie nie sal dit deur die winter groei en oortrek wees van blomme in die lente.

Ek het so 'n paar weke gelede van grasperk ruspes gepraat, maar die probleem is nog nie verby nie. Dis nou die laaste maand in die jaar waar ons met grasperk ruspes gaan sukkel. Grasperk ruspes word nie altyd gesien nie, is in die aand aktief en vreet die loof van die gras weg. Die ruspe is ongeveer 30mm lank as hy volwasse is. Ek was nou die dag by 'n tuin wat wel die plaag op die grasperk het en kon somme die grasp le – plek effens ooptrek en die wurms maklik gewaar. 'n Ou boereraat om te kyk of jy wel grasperk ruspe probleme het is om 'n handoek of 'n goiingsak te vat, nat te maak en op die grasperk in die aand te laat lê. Sodra jy dan die volgende oggend die handdoek om draai sal jy die insekte sien wat wel in jou gras lewe en of hulle nadelig is of nie. As jy wel probleme het met grasperk ruspes en jy wil daarteen behandel moet jy Malathion gebruik .

Vir die mense wat solank hulle naweek volgende naweek wil beplan, dis die Gardenex Naweek by die Dome in Randburg en ons Autumn Harvest Faire skop ook af hier by Garden World.

tuis&home
EFEKTO For Life